higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1270**(A)**(J7)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

PATROONKONSTRUKSIE N4

(10010484)

7 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: Antwoordboek, wit A4-tikpapier

Kandidate sal tekeninstrumente en ’n swart fynomlynpen benodig.

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 4 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PATROONKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 URE
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   AFDELING A: 50 punte
   AFDELING B: 150 punte
   GROOTTOTAAL: 200 punte

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Stiklyne op finale patrone word deur stippellyne aangedui.

1.2 Die pylnaat op die skouerlyn van die basiese lyfie-blok is ’n borsbeheerpylnaat.

1.3 Om die middel is ’n voorbeeld van ’n omvangmate.

1.4 Kepies is patroonmerke wat op die snylyn geplaas word om met die passing van kledingstukpante te help.

1.5 Die patroonstukke van ’n baadjie kan nie gebruik word om die voerings uit te sny nie.

1.6 ’n Tussenbelegsel is ’n laag materiaal wat aan ’n belegsel geheg word om dit te versterk.

1.7 Die kruisdiepte (‘body rise’) is ’n noodsaaklike afmeting wanneer die damesrompblok geteken word.

1.8 ’n Eenstukrokblok is geskik vir die aanpassing van ’n jasblok.

1.9 Patroonkonstruksie is nie die basis vir ’n basiese blokpatroon nie.

1.10 ‘n Raglan-mou is die mees geskikte mou vir ’n formele damesbaadjie.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Verduidelik kortliks elk van die volgende terme wat in patroonkonstruksie gebruik word:

2.1.1 Pylnaatmanipulasie

2.1.2 Borsprominensie

2.1.3 Middelonderdrukking

2.1.4 Patroonaanpassing

2.1.5 Halvering

(5 × 2) (10)

2.2 Noem VIER mates wat nodig is om die basiese dameslangbroek-blok te konstrueer. (4)

2.3 Watter afmeting word met ’n arm teen ’n hoek geneem? (1)

2.4 Verduidelik hoe die volgende afmetings om ’n vroulike figuur geneem word:

2.4.1 Oor die bors

2.4.2 Ruglengte tot by middel

2.4.3 Om bo-arms

2.4.4 Voorarmlengte

2.4.5 Middel

(5 × 2) (10)
[25]

VRAAG 3

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Die sny-instruksie op ’n patroon word deur die ... op die patroonstuk geïdentifiseer.

A patroondeel
B draadlyn
C kledingstuknaam
D stylnommer

3.2 Die buitenste beennaat van ’n langbroek word vanaf die ... gemeet.

A middel met die buitekant van die been langs
B heuplyn aan die buitekant van die been langs
C middel na onder aan die binnekant van die been
D middel na onder aan die voorkant van die figuur.

3.3 Paslyne is dieselfde as ... lyne.

A vou-
B ononderbroke
C stik-
D sny-

3.4 Kepies word ... geplaas.

A slegs op styllyne
B op alle nate
C slegs op vertikale nate
D op die soomlyn

Kopiereg voorbehou

3.5 Die ... blok word vir gebruik om die snyersbaadjieblok te teken.

A lyfie-
B rok-
C baadjie-
D hemp-

3.6 Die gulp op ’n dameslangbroek maak .... toe.

A links oor regs
B regs oor links
C op die middelvoor
D soos verlang

3.7 Om ’n mesplooi in ’n patroon in te voeg, moet jy ... die diepte van die plooi toelaat.

A slegs eenmaal
B tweemaal
C driemaal
D viermaal

3.8 Die agterste en vorste lyfieblokke is nie nodig wanneer die ... kraag gekonstrueer word nie.

A matroos-
B hemp-
C Peter Pan-
D sjaal-

3.9 ... belegsel is geskik om die mousgat en halslyn netjies af te werk.

A Nek-
B Mousgat-
C Voorste
D Gekombineerde

3.10 Pylpunte word op die ... gemerk.

A neklyn.
B middel.
C mousgat.
D skouer.

3.11 Die ... is die deel van die kraag wat op die bors rus.

A stand
B val
C lapel
D vou

Kopiereg voorbehou

3.12 Tussenvoering word gebruik om die kledingstuk ... waar die knoopsgate gestik gaan word.

A vas te heg
B te ontwerp
C te versterk
D te versier

3.13 Stylontleding is die vermoë om ...

A ’n patroon te ontwerp.
B ’n modeskets te lees.
C ’n modeskets te maak.
D ’n patroonblok te maak.

3.14 Die ... blok word as ’n basis gebruik om ’n damesonderbaadjie te teken.

A lyfie
B bloes-
C baadjie
D rok-

3.15 ’n Patroon met naattoelatings en volledige benoemings word ’n ... patroon genoem.

A werks-
B basiese
C rowwe
D finale

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 50

GS

AFDELING B

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. ALLE tekeninge en manipulasies moet in VYFDE skaal gedoen word.

2. ALLE tekeninge moet op wit tikpapier gedoen word. Die patroonblokke moet met ’n swart fynomlynpen omlyn word en in die ANTWOORDBOEK geplak word. MOET NIE die blokke uitknip nie.

3. ALLE manipulasies moet op wit tikpapier gedoen word en in die ANTWOORBOEK geplak word.

4. Slegs die basiese blokke wat saam met hierdie vraestel verskaf word, mag gebruik word.

5. Moet NIE ’n rooi pen gebruik nie.

6. GEEN LOS DELE SAL NAGESIEN WORD NIE.

VRAAG 4

4.1 Gebruik die basiese dameseenstukmoublok, grootte 13 op BYLAE A en dien die volgende manipulasies op die mou op BYLAE B, in vyfde skaal, in.

4.1.1 Beplanningstadium van die mou (10)

4.1.2 Werkspatroon van die mou (15)

VEREISTE AFMETINGS

Moulengte = 25 cm
Moukophoogte = 2 cm

INSTRUKSIES

Deel die mou in 6 dele.

Spreiding vir rygplooitjies by die moukop = 5 cm

Spreiding vir rygplooitjies by die mouboordjie = 3 cm

Voltooi die patroon met benoemings en draadrigtinglyn.

Kopiereg voorbehou

4.2 Gebruik die beplanning vir 'n dameslangbroekvoorpant, grootte 13, op BYLAE C en dien die volgende finale patrone in vyfde skaal in:

4.2.1 Finale patroon van ritsbelegsel (9)

4.2.2 Finale patroon van sakbelegsel (8)

4.2.3 Finale patroon van binnesak ("pocket bag") (8)

Voeg naattoelatings van 1,5 cm by.

[50]

VRAAG 5

Gebruik die dameslyfieblokvoorpant op BYLAE D om die volgende manipulasies vir grootte 13 in te dien van die dameslyfievoorpant wat in die skets hier onder getoon word:



5.1 Beplanning van die lyfievoorpant met gekombineerde belegsel (28)

5.2 Finale patroon van die lyfievoorpant se skouerstuk (10)

5.3 Finale patroon van die gekombineerde belegsel (12)

VEREISTE AFMETINGS

Skouerstuk se diepte by middelvoor	= 7,5 cm
Skouerstuk se diepte by mousgat	= 10 cm
Wydte van kraagstand	= 3 cm
Belegsel se wydte by kantnaat	= 4 cm
Belegsel se wydte by soomlyn	= 3 cm (vanaf middelvoor gemeet)
Knoopsgatposisies	= 5 cm uitmekaar
Naattoelating	= 1,5 cm
Soomtoelating	= 2 cm

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Gebruik die volgende afmetings en instruksies om die basiese sweetpakbroekblok, grootte 13, te teken.

VEREISTE AFMETINGS

Middelafmeting	= 71 cm
Sitvlakafmeting	= 97 cm
Kruisdiepte	= 28 cm
Onderkant	= 46 cm
Lengte van binnebeen	= 76,5 cm

INSTRUKSIES

In die middel van ’n papier, trek ’n vertikale lyn en trek by 40 cm ’n reghoekige lyn regoor. Merk 0 by die kruising.

0 = 1 Kruisdiepteafmeting (28 cm) opwaarts gemeet op die vertikale lyn. Trek reghoekige lyn (loodlyn) na albei kante.

0 = 2 Binnebeenlengte (76,5 cm) na onder gemeet. Trek reghoekige lyn na albei kante.

0 = 3 Halveer binnebeenlengte minus 4 cm (34,2 cm) na onder. Trek reghoekige lyn na albei kante.

0 = 4 1/6 skaal (8 cm) na links.

4 = 5 2 cm na links.

5 = 6 Een twaalfde skaal plus 1,2 cm (5,24 cm) na links.

0 = 7 Een derde skaal (16,1 cm) na regs.
Trek lyn 1 en 5 reghoekig om punt 8 uit vanaf 1 te vind.

8 = 9 Kwart van middellyn plus 5 cm (22,75 cm). Verleng hierdie lyn met stippellyne.

2 = 10 Kwart van onder (11,5) na links.

2 = 11 Kwart van onder (11,5) na regs.

12 Middelpunt van 5 na 6.
Verbind 12 na 10 met stippellyne om 13 op die knielyn te vind.
Trek geboë lyn vanaf 6 na 13 en reguit af na 10.
Verbind 7 na 11 met stippellyne om 14 op knielyn te vind.

14 = 15 1,2 cm na links.
Trek geboë kantnaat vanaf 9 na 7 af na 15 na 11.
Voeg 4 cm na boontoe by 8 en 9 (voorste middellyn) vir rekomhulsel.

12 = 16 Dieselfde afstand 5 na 6 opwaarts gemeet.

Kopiereg voorbehou

4 = 17 Een derde skaal plus 3,5 cm (19,6 cm) reghoekig na bo.
Stippel ‘n sitvlakhoeklyn vanaf 12 na 17, gaan voort tot by 18,4 cm bokant die middel

5 = 19 ¼ skaal minus 6 mm (11,5 cm) na links.

19 = 20 1,2 cm reghoekig na onder.
Trek geboë sitvlaklyn vanaf 20 deur 6 na 16 na 17.

13 = 21 2 cm na links.

10 = 22 1 cm na links.
Trek geboë binnebeennaat vanaf 20 na 21 en reguit af na 22.

11 = 23 1 cm na regs.

14 = 24 1 cm na regs.

7 = 25 3 cm na regs.

18 = 26 Kwart van die middel plus 5 cm (22,75 cm) op die lyn uitwaarts vanaf 9.
Trek ietwat geboë lyn vanaf 18 na 26 (agtermiddellyn). Voeg 4 cm na boontoe by vanaf hierdie lyn vir rekomhulsel.
Trek geboë kantnaat vanaf 26 na 25 en af na 24 en 23.

Voltooi die blok met benoeming en draadrigtinglyn. **[50]**

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A



Kopiereg voorbehou

BYLAE B



Kopiereg voorbehou

BYLAE C



BYLAE D



Kopiereg voorbehou